higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

RUIMTELIKE BEPLANNING TEORIE EN PRAKTIES N4

14 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar:✓ Die kliënt se opdrag is gebaseer op die gesin se leefstyl en behoeftes.✓

1.2 Onwaar:✓ Die binnehuisversierder is verantwoordelik vir die skoonheid en funksie van ’n ruimte.✓

1.3 Waar:✓ Ergonomie is die studie van verhoudings tussen mense en hul funksies in ’n omgewing.✓

1.4 Waar:✓ Die gemiddelde afmetings van die liggaam is nuttig vir die binnehuisversierder.✓

1.5 Onwaar:✓ 3,45 m is gelyk aan 345 cm of 3 450 mm.

1.6 Onwaar:✓ Sirkulasie begin by die ingang, met maklike toegang na ander kamers.✓

1.7 Waar:✓ Die skynsel kan deur sagte verspreide lig verminder word. Skynsel is ongewenste lig.✓

1.8 Waar:✓ Akoestiek is hoe klank beheer word en HVAC is die termiese beheer in die binne-omgewing.✓

1.9 Onwaar:✓ Dit is ’n gewilde bed met ’n stapelbordbasis wat vir sitplek gebruik kan word.✓

1.10 Waar:✓ Dit word verkry deur herhaling en maatbalans.✓

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 H
2.2 J
2.3 A
2.4 G
2.5 I
2.6 B
2.7 F
2.8 C
2.9 E
2.10 D

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Horisontale plan (1)

3.2 Dit het geen hysbak of trappe nie.✓ Dit het nie kamers wat vertikaal gestapel is nie.✓ (2)

3.3 Voordele
- Uitskakeling van trappe
- Geredelike toegang na buite
- Profiel werk goed op gelyke grond
- Goedkoper om op hierdie manier te bou

Nadele
- Gebruik meer spasie
- Grond kos meer
- Hoër koste vir struktuurelemente
- Ondoeltreffende gebruik van energie vir verhitting en verkoeling (8)

3.4 Publieke ruimtes
- Kombuis
- Eetkamer
- Woonkamer
- Stoep

Private ruimtes
- Slaapkamer 1
- Slaapkamer 2
- Badkamer (7)

3.5 Oop plan,✓ want die publieke areas gebruik minimum vloer-tot-plafon-afskortings.✓ (2)

[20]

VRAAG 4

4.1 Jy sal jou ontwerp visueel✓ kommunikeer deur tekeninge, planne, aansigte, afdelings, perspektiewe, stemmingsborde en afwerkingsborde.✓
Jy sal jou idees verbaal kommunikeer.✓
Jy sal die projekspertye bereik✓ deur projekbeplanning.✓
Jy kan met diverse persoonlikhede werk✓ en het sielkundige insig in hul behoeftes.✓
Jy is buigsaam.✓ Jy kan 'n probleem✓ ontleed en sintetiseer.✓ Jy het sakevernuf.✓

[Bron*: https://www.simplypsychology.org/maslow.html*] (10)

4.2 Die huis moet vry wees van aardigheid, ongemak, moeite en onbekende stimuli✓ wat vrees kan veroorsaak.✓ Kinders se veiligheid moet in ag geneem word.✓ Jy kan 'n huis beveilig met diefwering, sekuriteitstelsels en grensmure.✓ Die ruimte moet goed beplan wees om by 'n roetine te kan hou, en netjies, ordelik en vloeiend wees.✓ (5)

[15]

VRAAG 5

Lig is 'n sielkundige kommunikeerder van stemming en atmosfeer.✓ Helder lig is stimulerend✓ en laat ons voel dat ons op en wakker moet wees.✓ As dit misbruik word, kan dit uiteindelik vervelig en visueel moeisaam wees.✓ Helder lig gooi ook sterk skaduwees.✓ Gedempte lig kan ontspannend, rustig en intiem romanties voorkom.✓ Dit kan somber, ontmoedigend en selfs vreesaanjaend wees, na gelang van die konteks.✓ Sagte lig minimaliseer skaduwees en tekstuurverskille.✓ Lig wat te helder is, veroorsaak dikwels dat ons fisies en emosioneel benoud is.✓ 'n Helder lig kan jou laat voel dat jy die middelpunt van aandag is en jou ego 'n hupstoot gee,✓ of jou baie ongemaklik maak.✓ Klein, harde ligte kan helderheid en lewendigheid byvoeg.✓ Matige helder lig bring geen verklaarde gevoel nie.✓ Flikkerende lig van 'n kaggel of kers trek aandag.✓ Dit straal warm, vleiende lig uit.✓ 'n Flikkerende fluoresseerlig veroorsaak ongemak en baie irritasie.✓ Warm gekleurde lig kom opgewek en verwelkomend voor. Koel lig is dikwels meer rustig as warm lig.✓ **[10]**

VRAAG 6

6.1 'n Privaatheidsafskorting✓ in die vorm van meubels, skerm of kas.✓ 'n Stapelbed of uitskuifbed✓ vir wanneer gaste oorslaap.✓
Kleinskaalstoele en -tafels✓ wat maklik afgevee kan word.✓ 'n Sluitbare rolbiblioteekstoel✓ om by boekrakke by te kom.✓ Vloersitplek✓ soos sitsakke, omdat kinders graag op die vloer sit.✓
Bedkassies✓ met stoorplek en 'n naglig.✓
Ingeboude lessenaar en stooreenheid✓ om kunsvlyt in te bêre en 'n werksblad.✓
Stoorplek soos vaste boekrakke,✓ lang kaste✓ vir klere en sporttoerusting,✓ diep rakke✓ of speelgoedkis✓ om speelgoed in te bêre.✓ (10)

6.2 6.2.1 Dit is baie stil✓ en gebruik water om 'n vakuum in die bak te skep✓ en atmosferiese druk om die inhoud in die uitlaat in te dwing.✓ (3)

6.2.2 Dit gebruik 'n hefboomeenheid✓ wat warm en koue water kombineer tot die verlangde temperatuur.✓ (2)

6.3 Die styl van meubels, soos antiek, tydperk of modern.✓ Die begrotingsvereistes en koste.✓ Skoonheid✓ en aanpasbaarheid.✓ Jy moet dit in ander ruimtes ook kan gebruik.✓ Gemak en ergonomiese vereistes. Duursaamheid en geskiktheid vir die gebruiker se leefstyl.✓ Sorg en instandhouding.✓ Grootte van die meubels.✓ Skuifbaarheid van die meubels.✓ Kwaste moenie op houtmeubels verskyn nie.✓ Dit moet behandel en beleë wees.✓ (10)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 7

NOTA AAN DIE ASSESSOR/NASIENER(S): Toepassing van die Ruimtelike Beplanning-kennis of -kursus word van die studente/kandidate verwag. Hulle moet dit in hul antwoorde op vrae oor herversiering, die gebruik van 'n vloerplan, ensovoorts, wys. Dit is 'n OOP VRAAG en MOET volgens die VEREISTES soos in die VRAAG gestel, beantwoord word.

Die student/kandidaat moet die inligting in die vraag (VRAAG 7.1.1–7.1.8 en 7.2.1–7.2.9) gebruik en moet die kursusinhoud in ag neem om ingeligte besluite oor ruimtelike beplanning te maak.

7.1	7.1.1	Tekentegniek, insluitende konstruksielyne,✓✓ kruislyne,✓✓ 45° reël,✓✓ inklyne,✓✓ korrekte gebruik van lyngewigte,✓✓ netheid✓✓	(12)
	7.1.2	Afmetingstegniek, insluitende ordening en belaging van afmetingslyne,✓✓ totale afmetings,✓✓ korrekte styl,✓✓ korrekte afmetings✓✓ en korrekte gebruik van skaal✓✓	(10)
	7.1.3	Ergonomie, insluitende verkeersvloei,✓✓✓✓ korrekte meubelgroottes✓✓✓✓ en korrekte plasing van meubels✓✓✓✓	(12)
	7.1.4	Simbole, insluitende elektries,✓✓ meubels,✓✓✓ mure,✓✓✓ vensters,✓✓ deure,✓✓ etikettering van meubels✓✓ en noordpunt✓✓	(16)
	7.1.5	Opdrag: Konstruksienotas met gidse,✓✓✓ getabuleerde elektriese legende,✓✓✓ getabuleerde meubellegende,✓✓✓ getabuleerde sanitêre legende✓✓✓ en titel van tekening✓✓✓	(15)
	7.1.6	Oriëntasie: Plasing van Noord in verhouding tot sonlig✓ en die korrekte oriëntasie van die vloerplan tot die tekenvel✓	(2)
	7.1.7	Kleur: netheid✓ en kleurskema✓	(2)
	7.1.8	Sonering: beplanning,✓✓ borreldiagramme✓✓ en aktiwiteitsareas✓✓	(6)
7.2	7.2.1	Versieringstyl	(1)
	7.2.2	Konsepstelling	(2)
	7.2.3	Kleurskema	(2)
	7.2.4	Gemoedstemming en binne-atmosfeer	(2)
	7.2.5	Vloerbehandeling	(2)

Kopiereg voorbehou

7.2.6	Muurbehandeling	(2)
7.2.7	Vensterbehandeling	(2)
7.2.8	Meubelkeuses, insluitende groottes	(6)
7.2.9	Bybehore	(6)
		[100]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou